



# TUINMAAK MET VOËLS

Tuine, wat 'n populêre soort estetiese vermaak en gesonde ontspanning bied, kan op wyd uiteenlopende maniere aangelê word. Daar is egter 'n basiese maatstaf wat in hierdie verskeidenheid 'n sekere orde kan bring, en dit is die erkenning dat tuinmaak met die strewende begin het om 'n klein stukkie van die natuur te tem en dit deur beskerming vir beide praktiese en estetiese doeleindes diensbaar te maak. Namate die behoeftes en smaak van die eienaar dié proses beïnvloed kan 'n tuin se karakter gevorm word tot 'n merkwaardige kombinasie van natuurlike en mensgemaakte voorwerpe. Natuurtuine wissel van gebied tot gebied, maar basies moet daar 'n struktuur in enige habitat wees, wat neerkom op die natuurlike rangskikking van die plantegroei, grondformasies en water soos dit beskikbaar is. Afwykings van die natuurlike omgewing is nie net mensgemaakte konstruksies soos braaivleisplekke, sementpaaie, tuinfigure en swembaddens nie, maar ook 'n tuin wat hoofsaaklik uit blombeddings, eksotiese sierstruie, vrugtebome en rotstuine bestaan. In so 'n tuin is daar min kossoek- en skuilplek, en ook min of glad geen nesmaakplekke vir voëls nie.

Met doelgerigte aanplantings kan 'n struktuur daargestel word om voëllewe in die tuin te bevorder. Hoe weelderiger die plantegroei in enige habitat is hoe ingewikkelder kan die struktuur wees. Selfs in die ingewikkeldste geval bestaan hierdie struktuur egter basies net uit 'n horisontale stratifikasie met tenminste vier duidelike lae : die hoë boomkroone, die laag van kleiner bome en hoër struie, die laag


struikgewasse en, heel onder die grondbedekking bestaande uit varings, grasagtige en ander blomplante, asook die natuurlike afval van alle hoër geleë lae.

'n Verdere vereiste wat saamhang met die aanbevole strukturele rangskikking is dat die tuin 'n verskeidenheid van inheemse bessiedraende bome soos witstinkhout en olienhout, en struie soos blinkblaar en kruisbessie moet bevat wat as natuurlike kos vir die voëls dien. Eksotiese spesies waarvan die vrugte deur voëls benut word soos (meidoring en vuurdoring) kan egter ook met inheemse spesies vermeng word om 'n struktureel-bevredigende effek te gee.

Water kan selfs 'n minderwaardige tuin in 'n aantreklike bymeakaarkomplek vir voëls omskep. Die ideale plek vir 'n voëlbad is in 'n stil hoekie van die tuin, nie verder as twee meter van struie af nie en in ligte skaduwee. So 'n voëlbad kan van enige natuurlike materiaal, soos byvoorbeeld 'n hol stuk sandsteen van die Oos-Vrystaat of vervaardigde asbessement-produkte wees, solank dit net nie 'n ligte kleur geverf word nie. As die water daarin kan drup of spat, het so 'n voëlbad 'n onweerstaanbare aantrekkingskrag vir voëls.

As u 'n verskeidenheid insekvetende spesies soos byvoorbeeld die bokmakierie, janfrederik, glasogie, olyflyster en andere wil aanlok, moet u baie versigtig met insekdoders te werk gaan. Vermoed die dodelike (dog vir insekte effektiewe) organofosfaat- en organochloorgifstowwe. Persone wat met dié baie giftige insektemiddels

## 1. IDEALE NATUUR-HABITAT BOSTIPE.




T. Farkas


voortgaan, verander hul tuine in voëlgrafte. Gebruik liever die minder skadelike pyrethrumprodukte wat 'n kontakgif is en dikwels herhaal moet word, asook seepwater vir byvoorbeeld plantluise. Dit verg heelwat meer werk maar u arbeid en bedagsaamheid sal beloon word deur die voëls wat na u tuin sal kom. Moet ook nie probeer om die insekgetalle op zero te hou nie, maar slegs om bevolkingsontploffing te beheer - die voëls sal die res vir u doen! Probeer om u bure ook na u sienswyse omtrent insekdoders oor te haal.

Dit moet ten slotte in gedagte gehou word dat die beste oplossing vir probleme altyd die mees natuurlike een is, en deur hierdie maatstaf toe te pas, sal daar lewe en daarmee veel plesier in u tuin wees. ⑥


## 2. TUINSTRUKTUUR, VERKEERD.



## 3. TUINSTRUKTUUR, REGTE TIPE.



# THE NEW PALAEOLOGY GALLERY



Similar to the development of life on Earth which it portrays, the new palaeontology gallery has had a long and slow beginning but as time passed, the development has been rapid and we are now seeing the displays taking on their final shape as we approach the opening date later this year. This then is the theme of the exhibition — the slow beginnings of life on Earth, the hundreds of millions of year's development of invertebrates, fish, amphibians and reptiles, and finally the rapid evolution of mammalian life culminating in the emergence of man and his culture. This latter display will highlight the exhibit and include numerous casts of important types of fossil man, including the latest discoveries from East Africa, which will be uniquely displayed.

Another large display will present skulls and skeletons of the mammal-like reptiles that inhabited the Karoo 200 million years ago. Dioramas will depict the scenery as it was then with models showing how the animals supposedly appeared in real life.

One case will give information on dinosaurs. Although remains of these creatures are fragmentary in South Africa, a partial skeleton will be on view.

Fossil horses, elephants and a strange extinct giraffe, crocodile, pig and buffalo will all be represented. A complete fossilised skeleton of an ichthyosaur (a large extinct marine reptile) from Germany will also be exhibited.

Much effort has been made in obtaining the best possible material from South African and overseas institutions, as well as bringing casts of extinct creatures from Kenya.

Bruce Rubidge, Karoo palaeontologist, and Dr Ron Clarke, who is a well known authority on fossil man, and has worked on these fossils in both East and South Africa, are in charge of the displays. ⑥